NED GEREF GEMEENTE WAVERLEY

HUWELIKSVERRYKINGSKURSUS

19-21 FEBRUARIE 2010

DATUM: Vrydag 19 Februarie tot Sondag 21 Februarie. Ons wil graag Vrydagaand ongeveer 19:00-19:30 begin en sal Sondag seker net na middagete vertrek. Beide egliede moet die hele kursus bywoon.
VIR WIE: Die kursus is bedoel vir enige getroude paar wat net weer ‘n slag oor hulle huwelik wil nadink. Daarom, alle getroudes, 6 maande, 6 jaar of 60 jaar getroud, is welkom. Daar mag net asseblief geen kinders of kraaie saamgaan nie.
FASILITEERDER: Ds Louis Brittz
WAAR: Ons gaan na die plaas “Nyalaland” van Fred en Marie Cornelius in die Waterberge, ongeveer 2.5 uur se ry vanaf Pretoria. Daar is hope stapplek, ons sal op ‘n wildrit gaan, daar is ‘n swembadjie, ens. Slaapgeriewe wissel van baie gerieflik tot minder gerieflik, maar dit sal nog die moeite werd bly. Daar is geen telefone nie (net ‘n satellietfoon by ‘n ander opstal vir noodsituasies) en ook nie selfoonontvangs nie (salig!). As die weer saamspeel is daar darem TV ontvangs, maar daar gaan nie juis tyd wees daarvoor nie. Vir die sterrekykers (romanties en wetenskaplik): daar is baie min ligbesoedeling. Daar is ook die moontlikheid om met woonwaens/tente te gaan. Praat met Louis daaroor.
VERVOER: Elkeen is verantwoordelik vir eie vervoer. ‘n Padkaart en ander aanwysings sal voorsien word.
KOSTE: R670 per egpaar, wat huisvesting, alle etes, en kursusmateriaal insluit. Gelde moet asseblief saam met die inskrywingsvorm by die kerkkantoor inbetaal word. Dit kan ook elektronies op die gemeente se rekening inbetaal word. Rekeningnaam: NG Waverley, ABSA rekeningnr 143 015 7120 taknr 335 245 Inskrywings kan per e-pos op ngwaverley@mweb.co.za ingedien word.
SLUITINGSDATUM VIR INSKRYWINGS: Maandag 15 Februarie 2010

INSKRYWING

HUWELIKSVERRYKINGSKURSUS 19-21 FEBRUARIE 2010

Noemname en van: _____

Ouderdomme: Vrou _____ Man _____ Jare getroud _____

Adres: _____e-pos _____

Telnrs: Huis _____ Sel: Man _____ Vrou: _____

Ons onderneem om die hele naweek en al die sessies by te woon.

_____ _____

Handtekening: Man Handtekening: Vrou